Council's management committee acting under the powers delegated to it in terms of the provisions of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and any officer to whom that committee has been empowered by the Council in terms of the provisions of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"course" means a course for a degree or a diploma or any portion thereof consisting of a specified number of subjects or modules to be completed within a fixed period not exceeding one year and which has been approved by the Council;

"educational institution" means an institution referred to in section 79(16)(d) and (51) of the Local Government Ordinance, 1939, or a university or university college or other institution of higher education determined by the Council;

"loan" means a loan from the bursary loan fund granted to an officer for study purposes;

"officer" means an officer permanently appointed in the service of the Council.

To Whom Loans may be Granted and Manner in which Application must be made.

2.(1) Loans shall be granted to officers who —

- (a) have been appointed permanently in the employ of the Council; and
- (b) qualify for admission to the particular course at the particular educational institution.

(2)(a) Officers shall apply, in writing, for a loan and in the application shall furnish full particulars of the intended course, stating the subjects and modules, and the educational institution at which lectures will be attended or from which studies will be obtained.

(b) Before a loan is advanced by the Council, a written agreement shall be entered into between the officer concerned and the Council wherein the provisions of these by-laws are re-affirmed.

Purpose and Amount of Loans.

3. Loans shall be granted by the Council to officers for the payment or part payment of registration, examination and tuition fees in respect of courses at an educational institution to enable such officers to obtain the necessary training and academic background of the functions of local authorities.

Nature and Duration of Courses and Educational Institutions at Which They may be Followed.

4. Any course which is followed by an officer to whom a loan from the bursary loan fund has been granted, shall have a bearing upon and be applicable to the activities of local authorities.

5. A loan shall not be granted to an officer unless the relative course to be followed by him shall have been approved by the Council.

6. The duration of a course shall not exceed the period recommended or stipulated in the rules, regulations or year-book of the educational institution concerned, unless the Council decides otherwise.

Financing and Repayment of Loans

7.(1) All costs for studies which fall within the grant, shall be paid by the Council during the duration of the

maak vir beurslenings vir studiedoeleindes en waarin van tyd tot tyd fondse gestort word soos die Raad besluit;

"kursus" 'n graad- of diplomakursus of enige gedeelte daarvan wat uit 'n bepaalde aantal vakke of modules bestaan en oor 'n vasgestelde tydperk van nie langer nie as een jaar afgelê word en wat deur die Raad goedgekeur is;

"lening" 'n lening uit die beursleningsfonds toegeken aan 'n beampte vir studiedoeleindes;

"onderwysinrigting" 'n inrigting in artikel 79(16)(d) en (51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, genoem, of 'n universiteit of universiteitskollege of ander hoër-onderwysinrigting deur die Raad bepaal;

"Raad" die Stadsraad van Alberton, dié Raad se bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is en enige beampte aan wie die komitee ingevolge die bepalings van sub-artikel (3) van genoemde artikel, op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

Aan wie Lenings Toegeken word en Wyse van Aansoek

2.(1) Lenings word toegeken aan beamptes wat —

- (a) permanent in die Raad se diens aangestel is; en
- (b) kwalifiseer vir toelating tot die besondere kursus aan die betrokke onderwysinrigting.

(2)(a) Beamptes moet skriftelik om 'n lening aansoek doen en in die aansoek volle besonderhede verstrek van die beoogde kursus met vermelding van die vakke en modules asook die onderwysinrigting waar klasse geloop of studies verkry sal word.

(b) Alvorens 'n lening deur die Raad uitbetaal word, moet 'n skriftelike ooreenkoms deur die betrokke beampte met die Raad aangegaan word, waarin die bepalings van hierdie verordeninge herbevestig word.

Doel en Bedrag van Lenings

3. Lenings word deur die Raad aan beamptes toegeken vir delging of gedeeltelike delging van registrasie-, eksamen- en kursusgelde ten opsigte van kursusse by 'n onderwysinrigting ten einde sodanige beamptes in staat te stel om die nodige opleiding en akademiese agtergrond in die werksamhede van plaaslike besture te bekom.

Aard en Duur van Kursusse en Onderwysinrigtings waar dit Gevolg Mag word.

4. Enige kursus wat deur middel van 'n lening toegeken is uit die beursleningsfonds wat deur 'n beampte gevolg word, moet betrekking hê en van toepassing wees op die werksamhede van plaaslike besture.

5. Geen lening word aan 'n beampte toegeken alvorens die Raad die betrokke kursus wat sodanige beampte voornemens is om te volg, goedgekeur het nie.

6. Behalwe in gevalle waar die Raad anders besluit, mag die duur van 'n kursus nie langer wees as wat aanbeveel of bepaal word nie in die reëls, regulasies of jaarboek van die betrokke onderwysinrigting.

Finansiering en Delging van Lenings

7.(1) Alle studiekoste wat binne die toekenning val, word tydens die duur van die kursus deur die Raad direk

(7) laundering done on the premises is done only in the room mentioned in section 2(3)(d) and that only articles used on the premises in connection with hairdressing shall be laundered therein;

(8) the facilities provided in terms of section 2(3)(b) are used for no other purpose than that for which they have been approved.

Inspection.

5. The Chief Health Officer may in order to satisfy himself that the provisions of these by-laws are being complied with —

- (1) enter the premises at all reasonable times;
- (2) examine the premises and anything therein;
- (3) examine and question any person on the premises or who has recently been on the premises whom he suspects is suffering from any communicable disease;
- (4) make tests or take any samples which in his opinion are required in connection with his duties in terms of this section.

Offences and Penalties.

6. Any person who contravenes any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a penalty not exceeding R300 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and such imprisonment, and in the event of a continuing offence, shall be deemed to be guilty of a separate offence for every 24 hours or part of such period during which the offence continues and shall be liable as aforesaid in respect of each such separate offence.

Saving in Respect of Existing Premises.

7. The requirements of sections 2(2)(a) and 2(3)(a) shall not be enforced in respect of any premises existing at the date of publication of these by-laws if the Chief Health Officer is satisfied that it is not reasonably practical by reason of the difficulty of reconstruction or the prohibitive expense involved thereby to make these premises comply with any one or more of those requirements".

PB. 2-4-2-77-46

Administrator's Notice 1611

25 November 1981

ALBERTON MUNICIPALITY: BY-LAWS CONCERNING STUDY LOANS TO OFFICERS OF THE COUNCIL.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

DEFINITIONS.

1. In these by-laws, unless the context indicates otherwise — "bursary loan fund" means a fund established by the Council in terms of the provisions of section 79(51) of the Local Government Ordinance, 1939 to provide for bursary loans for study purposes and wherein the Council may from time to time deposit such funds as it may decide:

"Council" means the Town Council of Alberton, that

(7) wasgoed op die perseel slegs in die ruimte waarna daar in artikel 2(3)(d) verwys word, gewas en gestryk word, en dat slegs artikels wat op die perseel in verband met haar-kappery gebruik word, daarin gewas en gestryk word;

(8) die geriewe wat ingevolge artikel 2(3)(b) verskaf word, vir geen ander doel as die goedgekeurde doel benut word nie.

Inspeksie.

5. Die Hoofgesondheidsinspekteur kan, ten einde homself daarvan te vergewis dat die bepalings van hierdie verordeninge nagekom word —

- (1) die perseel te alle redelike tye betree;
- (2) die perseel en alles daar ondersoek;
- (3) enigiemand wat op die perseel is, of onlangs daarop was en wat na sy vermoede aan 'n aansteeklike siekte ly, ondersoek en ondervra;
- (4) toetse uitvoer en monsters neem, wat na sy mening nodig is vir die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie artikel.

Misdrywe en Strafmaatreëls.

6. Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar, met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortgesette misdryf, word hy aan 'n afsonderlike misdryf vir elke 24 uur of gedeelte van sodanige tydperk waartydens die misdryf voortgesit word, skuldig geag en is soos voornoem ten opsigte van elkeen van sodanige afsonderlike misdrywe aanspreeklik.

Voorbehoudsbepaling ten opsigte van Bestaande Persele.

7. Die bepalings van artikels 2(2)(a) en 2(3)(a) geld nie vir persele wat reeds op die datum waarop hierdie verordeninge afgekondig word, bestaan nie, mits die Hoofgesondheidsinspekteur daarvan oortuig is dat dit weens probleme wat verbouingswerk sal meebring of buitensporige koste wat daaraan verbonde is as die persele gewysig word om aan een of meer van die betrokke vereistes te voldoen, nie redelik uitvoerbaar is nie.

PB. 2-4-2-77-46.

Administrateurskennisgewing 1611

25 November 1981

MUNISIPALITEIT ALBERTON: VERORDENINGE BETREFFENDE STUDIELENINGS AAN BEAMPTES VAN DIE RAAD.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"beampte" 'n beampte wat permanent aangestel is in diens van die Raad;

"beursleningsfonds" 'n fonds gestig deur die Raad ingevolge die bepalings van artikel 79(51) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, om voorsiening te

- (4) use clean paper for wiping razors whilst shaving;
- (5) Use —
- (a) for shaving purposes, only liquid or powdered soap or shaving cream dispensed from a container;
- (b) a liquid styptic agent or substance only, which shall be applied by sprayer or a clean disposable swab;
- (6) not use any powder puff, or any sponge in connection with hairdressing operations;
- (7) wear clean approved protective apparel when engaged in hairdressing and shall keep such apparel when not being worn in the changeroom or locker referred to in sections 2(2)(f) and 2(3)(a) above;
- (8) dress the hair only of persons not suffering or suspected of suffering from a communicable disease of the hair, skin or scalp;
- (9) keep his hands, person and clothing clean while engaged in hairdressing;
- (10) discard and replace all disinfecting solutions in use at least once a day with fresh solutions;
- (11) not wash and disinfect any hair curlers, hair pins or clips or similar object elsewhere than in the space specifically provided for that purpose in terms of section 2(3)(b);
- (12) use the facilities referred to in section 2(2)(g) for no other purposes than that for which they have been approved and store such items when not in use therein;
- (13) Keep all hair cut and waste materials in the receptacles referred to in section 2(2)(e).

Duties of a Trader and Person in Control.

4. A trader and person in control of the premises shall ensure that —
- (1) the requirements of sections 2 and 3 are complied with;
 - (2) the premises and everything therein are kept clean and in good repair;
 - (3) hairdressers on the premises are provided with sufficient and proper facilities to enable them to carry out their duties in terms of section 3: Provided that he shall not be required to provide the apparel mentioned in section 3(7) but shall ensure that such apparel is worn by hairdressers in accordance with that subsection;
 - (4) no person —
 - (a) who is suffering from or suspected of suffering from a communicable disease of the hair, skin or scalp;
 - (b) who is known to have been in contact with a person mentioned in subparagraph (a),
- shall be on the premises without the prior permission of the Chief Health Officer.
- (5) the premises are used exclusively for the purpose of hairdressing: Provided that other occupations which in the opinion of the Chief Health Officer may be combined with hairdressing without being inimical to health, may be carried on on the premises with the prior written permission of the Chief Health Officer;
 - (6) crockery and cutlery are cleaned only in the space mentioned in section 2(3)(c);

- (4) Skoon papier gebruik vir die afvee van skeermesse terwyl daar geskeer word;
- (5)(a) vir skeerdoeleindes slegs vloeibare of poeierseep of skeerroom wat uit 'n houer toegedien word, gebruik;
- (b) slegs bloedstelpende middels wat as sproeimiddel of op 'n skoon wegdoenbare depper aangewend word, gebruik;
- (6) geen poeierkwas of spons vir haarkappery gebruik nie;
- (7) skoon, goedgekeurde beskermingsklere dra terwyl hy hare skeer en dié klere moet in die kleedkamer of sluitkas, waarna daar in artikels 2(2)(f) en 2(3)(a) verwys word, gehou word wanneer dit nie gedra word nie;
- (8) slegs die hare van diegene wat nie aan 'n aansteeklike haar-, vel- of kopvelaandoening ly of vermoedelik daaraan ly nie, kap
- (9) sy hande, persoon en klere skoon hou terwyl hy hare kap;
- (10) alle ontsmetoplossings minstens eenmaal per dag wegdoen en dit met vars oplossings vervang;
- (11) geen haarkruller, -naald of -knip of soortgelyke voorwerp in 'n ander plek as die ruimte wat ingevolge artikel 2(3)(b) uitdruklik vir daardie doel verskaf is, was of ontsmet nie;
- (12) die geriewe waarna daar in artikel 2(2)(g) verwys word vir geen ander doel as die doel waarvoor dit goedgekeur is, benut nie en hy moet genoemde items daarin hou as hulle nie gebruik word nie;
- (13) alle afgeknippte hare en afvalmateriaal in die houters waarna daar in artikel 2(2)(e) verwys word, hou.

Pligte van 'n Handelaar en Persoon in Beheer.

4. Die handelaar en die persoon in beheer van die perseel moet sorg dat —
- (1) die bepalings van artikels 2 en 3 nagekom word;
 - (2) die perseel en alles daarin skoon en in 'n goeie toestand gehou word;
 - (3) daar aan haarkappers op die perseel toereikende en behoorlike geriewe vir die uitvoer van hulle pligte ingevolge artikel 3 verskaf word: Met dien verstande dat daar nie van hom vereis sal word dat hy die klere, waarna daar in artikel 3(7) verwys word, moet verskaf nie, maar dat hy moet sorg dat die haarkappers sodanige klere ooreenkomstig die bepalings van daardie artikel dra;
 - (4) niemand wat —
 - (a) aan 'n aansteeklike haar-, vel- of kopvelaandoening ly, of vermoedelik daaraan ly;
 - (b) sover hy weet, in aanraking was met iemand waarna daar in subparagraaf (a) verwys word,
 - (b) sover hy weet, in aanraking was met iemand waarna daar in subparagraaf (a) verwys word, op die perseel is sonder dat die Hoofgesondheidsinspekteur vooraf sy toestemming daartoe verleen het nie;
- (5) die perseel uitsluitend vir haarkappery gebruik word: Met dien verstande dat ander beroepe wat na die mening van die Hoofgesondheidsinspekteur saam met haarkappery beoefen kan word sonder gevaar vir die gesondheid in te hou, op die perseel beoefen kan word, mits die Hoofgesondheidsinspekteur vooraf sy skriftelike toestemming daartoe verleen het;
- (6) breekware en tafelgerei slegs in die ruimte waarna daar in artikel 2(3)(c) verwys word, skoongemaak word;

(3) There shall be provided —

- (a) (i) an approved changeroom with a floor space of at least 0,5 m² per employee but not smaller than 6,5 m² for each group of three or more employees of the same race and sex and such changeroom shall be fitted with suitable means for the keeping of personal clothing of employees;
- (ii) every changeroom for use by females shall in addition be equipped with a couch, blanket and pillow;
- (b) a separate, approved space which the Chief Health Officer may require to be partitioned off or enclosed, equipped with an approved stainless steel sink with a constant and adequate supply of hot and cold running water for washing and disinfecting purposes, where hairdressing involves the use of curlers, clips, pins or the like;
- (c) a separate approved space which the Chief Health Officer may require to be partitioned off or enclosed, equipped with an approved stainless steel double compartment sink with a constant supply of hot and cold running water for cleaning crockery and cutlery, if beverages are prepared for customers on the premises;
- (d) a room equipped to the satisfaction of and approved by the Chief Health Officer for such purposes where laundering and ironing is done on the premises.

Hairdressers' Duties.

3. Every hairdresser shall —

(1) provide for and use in respect of each person having his hair dressed and unused disposable paper or cotton-wool neckband or freshly laundered neckcloth; such neckband shall not be used again but shall be disposed of in the receptacle required to be kept in terms of paragraph (13) and such neckcloth shall only be re-used after being laundered;

(2) provide the following in respect of each hairdresser's chair:

(a) Where such hairdresser's chair is used for the dressing of men's hair —

- (i) two combs, one of which shall be kept in a suitable disinfectant while the other is being used, and no such comb shall be re-used unless it has been disinfected;
- (ii) two shaving brushes where shaving of the face is done on the premises and such brushes shall be effectively disinfected after each use;
- (iii) an unused disposable cover or freshly laundered cloth which shall be placed between the customer's head and that part of the hairdresser's chair with which it would otherwise come into direct contact, and such cloth shall only be used after having been laundered; and

(b) a clean protective cover which shall be draped round the customer so as to cover and keep his clothing free from any soiling resulting from the dressing of his hair, and such cover shall be replaced at least twice a day;

(3) after each hairdressing or shaving operation, disinfect all instruments or articles which have come into direct contact with the customer's hair or skin and keep such instruments or articles clean and disinfected when not in use;

(3) Die volgende moet verskaf word:

- (a) (i) 'n Goedgekeurde kleekamer met 'n vloeroppervlakte van minstens 0,5 m² per werknemer, maar nie kleiner as 6,5 m² vir elke groep van drie werknemers of meer van dieselfde rassegroep en geslag en so 'n kleekamer moet uitgerus wees met geskikte middele vir die opberging van die werknemers se klere.
- (ii) Elke kleekamer vir vrouens moet hierbenewens met 'n rusbank, kombers en kussing toegerus wees.
- (b) As daar haarkrullers, -knippe, -naalde of dergelike artikels vir die kap van hare gebruik word, 'n afsonderlike goedgekeurde ruimte, wat, as die Hoofgesondheidsinspekteur dit vereis, afgeskort of toegemaak moet word en wat met 'n goedgekeurde opwasbak van vlekvrystaal met 'n standhoudende voorraad warm en koue kraanwater vir was- en ontsmetdoeleindes toegerus is.
- (c) As daar drankte vir klante op die perseel berei word, 'n afsonderlike, goedgekeurde ruimte wat, as die Hoofgesondheidsinspekteur dit vereis, afgeskort of toegemaak moet word en wat met 'n dubbelopwasbak van vlekvrystaal met 'n standhoudende voorraad warm en koue kraanwater vir die opwas van breekware en tafalgerei toegerus is.
- (d) 'n Vertrek wat tot voldoening van die Hoofgesondheidsinspekteur toegerus is en deur hom goedgekeur is vir die was en stryk van wasgoed, as dit op die perseel geskied.

Pligte van Haarkappers.

3. Elke haarkapper moet —

(1) vir elkeen wat sy hare laat kap, 'n ongebruikte wegdoenbare nekstrook van papier of van watte of 'n pasgewaste nekdoek verskaf en gebruik; so 'n nekstrook mag nie weer gebruik word nie, maar moet in die houer wat ingevolge paragraaf (13) verskaf moet word, weggedoen word en so 'n nekdoek mag slegs nadat dit gewas en gestryk is, weer gebruik word;

(2) die volgende vir elke haarkapperstoel verskaf;

(a) As die haarkapperstoel vir die kap van mans se hare gebruik word —

- (i) twee kamme, waarvan een in 'n geskikte ontsmetmiddel gehou word, terwyl die ander een gebruik word en so 'n kam mag nie weer gebruik word voordat dit ontsmet is nie;
- (ii) twee skeerkwaste, as baard op die perseel geskeer word, en die kwaste moet elke keer nadat hulle gebruik is, ontsmet word;
- (iii) 'n ongebruikte, wegdoenbare bedekking of 'n doek wat pas gewas en gestryk is, wat tussen die klant se hoof en daardie deel van die haarkapperstoel waarmee dit andersins regstreeks in aanraking sou kom, geplaas moet word, en so 'n doek mag net weer gebruik word nadat dit gewas en gestryk is, en

(b) 'n Skoon skutbedekking wat om die klant gehang moet word ten einde sy klere te beskerm teen besoedeling as gevolg van die kap van sy hare en so 'n bedekking moet daagliks minstens twee keer vervang word;

(3) elke keer nadat hare gekap of baard geskeer is, alle instrumente wat regstreeks met die klant se hare of vel in aanraking gekom het, ontsmet en dié instrumente of uitrusting skoon en ontsmet hou terwyl dit nie gebruik word nie;

Requirements of the Premises.

2. All premises on which hairdressing is carried out shall comply with the following requirements and hairdressing shall only be conducted on premises complying with such requirements;

(1)(a) All internal walls, partitions, floors and ceilings shall be smooth-surfaced and such walls, partitions and ceiling surfaces shall be painted with washable paint in an approved light colour or have an otherwise approved finish;

(b) All walls within 0,5 m of any part of a wash basin or sink shall be tiled or permanently covered with approved durable waterproof material for a height of at least 1,4 m from the floor;

(2) Such premises shall be equipped with —

(a) (i) hairdressing and other chairs to seat persons having their hair dressed and waiting to have their hair dressed;

(ii) such chairs shall so be placed that —

(aa) each hairdressing chair shall be located in the middle of a floor area of at least 2 m²;

(bb) each hairdressing chair used exclusively for drying hair shall be located in the middle of a floor area of at least 1 m², and

(cc) each chair used or to be used by persons waiting to have their hair dressed, shall be at least 2 m clear from the areas referred to in the subparagraphs (aa) and (bb);

(b) at least one wash basin with an adequate and constant supply of hot and cold running water for every two hairdressers chairs not used exclusively for drying hair;

(c) shelves, fittings and table tops made of or permanently surfaced with approved durable material, impervious to water and oil, on which instruments used for hairdressing shall be placed;

(d) approved means for disinfecting instruments or articles which, when used, come into direct contact with the hair or skin of the customer in connection with hairdressing;

(e) an adequate number of approved refuse receptacles having closely fitting lids;

(f) an approved metal clothes locker for every employee for whom no change rooms is required in terms of paragraph (3)(a);

(g) approved storage facilities for the separate storage of —

(i) chemicals, lotions, soaps, dressings, disinfectants and other substances used for hairdressing;

(ii) instruments used in connection with hairdressing;

(iii) clean linen and other fabrics;

(iv) soiled linen and other fabrics;

(v) articles used in connection with the preparation and consumption of beverages, if this is done on the premises;

(vi) articles permitted to be sold in terms of section 4(5).

Vereistes vir die Perseel.

2. Alle persele waarop hare gekap word, moet aan die volgende vereistes voldoen en hare mag gekap word slegs op persele wat aan dié vereistes voldoen:

(1)(a) Alle binnemure, afskortings, vloere en plafonne moet gladde oppervlakte hê en dié oppervlakte moet met 'n wasbare verf van 'n goedgekeurde ligte kleur geskilder wees of 'n ander goedgekeurde afwerking hê.

(b) Alle gedeeltes van mure binne 0,5 m van 'n gedeelte van 'n wasbak of opwasbak moet beteel of permanent bedek wees met 'n goedgekeurde waterdigte materiaal tot minstens 1,4 m hoog van die vloer af.

(2) Dié persele moet toegerus wees met —

(a) (i) haarkapper- en ander stoele waarop mense wat hulle hare laat kap of wag om hulle hare te laat kap, kan sit;

(ii) sodanige stoele moet so geplaas word dat —

(aa) elke haarkapperstoel in die middel van 'n vloeroppervlakte van minstens 2 M² staan;

(bb) elke haarkapperstoel wat uitsluitend vir die droogmaak van hare gebruik word, moet in die middel van 'n vloeroppervlakte van minstens 1 m² staan; en

(cc) elke stoel wat gebruik word deur mense wat wag om hulle hare te laat kap, of wat daarvoor bedoel is, moet minstens 2 m weg van die oppervlakte waarna daar in subparagrafe (aa) en (bb) verwys word, af staan;

(b) minstens een wasbak met 'n toereikende en standhoudende voorraad warm en koue kraanwater vir elke twee haarkapperstoele wat nie uitsluitend vir die droogmaak van hare gebruik word nie;

(c) rakke, vaste uitrusting en tafelblaaie, wat vervaardig is van goedgekeurde duursame olie- en waterdigte materiaal of 'n permanente oppervlak daarvan het, en waarop haarkappersuitrusting geplaas word;

(d) goedgekeurde middele vir die ontsmet van instrumente of uitrusting wat, wanneer dit vir die kap van hare gebruik word, regstreeks met die klant se hare of vel in aanraking kom;

(e) 'n toereikende hoeveelheid afvalhouers met digsluitende deksels;

(f) 'n goedgekeurde metaalkleresluitkas vir elke werknemer vir wie daar ingevolge subartikel (3)(a) nie 'n kleekamer vereis word nie;

(g) goedgekeurde opberggeriewe vir die afsonderlike opberging van —

(i) chemikalieë, vloeimiddels, seep, haarmiddels, ontsmetmiddels en ander middels wat vir die kap van hare gebruik word;

(ii) instrumente wat in verband met haarkappery gebruik word;

(iii) skoon linnegoed en ander stowwe;

(iv) vuil linnegoed en ander stowwe;

(v) artikels wat, as dit op die perseel geskied, gebruik word by die voorbereiding en die verbruik van drankie;

(vi) artikels wat ingevolge artikel 4(5) verkoop mag word.

applicable to such premises, business or vehicle are complied with,

shall, subject to the provisions of subsection (2), be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a penalty not exceeding R300, or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both such fine and imprisonment.

(2) It shall be competent defence if an owner or person referred to in paragraph (b) proves that he did not know of, could not reasonably have foreseen and could not have prevented the commission of the offence contemplated in subsection (1).

Application of these by-laws to existing premises.

17.(a) Notwithstanding the provisions of section 3, the owner of a butcher before the date of coming into operation of these by-laws, shall be permitted to comply with the provisions of these by-laws within twelve months after the said date.

17.(b) The council may, in any case, where reasons to its satisfaction are given, extend the period stated in subsection (a) to a maximum of twelve months.

"Chapter 17. Barbers and Hairdressers.

Definitions.

1. For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise —

"approved" means approved by the Chief Health Officer regard being had to the reasonable public health requirements of the particular case;

"Chief Health Officer" means the Chief Health Officer of the Council or any Health Officer Authorised to act on his behalf;

"Council" means the Bedfordview Village Council that Council's Management Committee under the power delegated to it in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960), and any official to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of subsection (3) of the said section to delegate, and has in fact delegated, the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"hairdresser/hairstylist" includes a person who carries on or assists in carrying on the business of shaving, cutting or in any way dressing the hair of human beings or wigs to be worn by human beings or undertakes work incidental thereto whether on his own account, as an employer or as an employee, and "hairdressing" shall have a corresponding meaning;

"hairdresser's chair" means a seat made available for a customer to sit in to have his hair shaved, cut or in any way dressed;

"person in control" means the person actually managing or actually in control of the premises or of hairdressers on the premises;

"premises" means premises in or on which hairdressing is done;

"Protective Apparel" means a clean and sound overall of a light coloured washable material with sleeves of at least elbowlength, with not more than one breast pocket or other approved apparel;

"trader" means the owner of a hairdressing business.

van hierdie verordeninge nagekom word wat op sodanige perseel, onderneming of voertuig van toepassing is,

is, onderworpe aan die bepalings van subartikel (2), aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300, of by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens 12 maande, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

(2) Dit is geldige verweer indien 'n eienaar of persoon waarna in paragraaf (b) verwys word, bewys dat hy nie geweet het, nie redelikerwys kon voorsien het nie kon voorkom het dat die oortreding wat in subartikel (1) beoog word, begaan word nie.

Toepassing van die Verordeninge op Bestaande Persele.

17.(a) Ondanks die bepalings van artikel 3 word daar aan die eienaar van 'n slagtersonderneming wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie verordeninge deur die raad gelisensieer is, vergunning verleen om binne twaalf maande na bedoelde datum aan die bepalings van hierdie verordeninge te voldoen.

17.(b) Die raad kan, in enige geval waar redes tot sy bevrediging verstrek word, die tydperk in subartikel (a) vermeld vir hoogstens twaalf maande verleng.

Hoofstuk 17. Barbiers en Kappers. Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"Beskermende mondering" 'n skoon en netjiese oorkleed van 'n ligte wasbare materiaal met moue van ten minste elmbooglengte met nie meer as een sak aan die voorkant nie;

"goedgekeur" goedgekeur deur die Hoofgesondheidsinspekteur met inagneming van redelike vereistes betreffende openbare gesondheid vir die bepaalde geval;

"haarkapper/haarmodis" iemand wat self, as werknemer of werkgewer, 'n besigheid dryf of wat help om 'n besigheid te dryf waar hare van, of pruike vir mense geskeer, gesny of op enige wyse gekap word of werk verrig wat daarmee saamhang en "haarkappery" het 'n dergelike betekenis;

"haarkapperstoel" 'n stoel waarin 'n klant sit as hy sy hare laat skeer, sny of dit op enige wyse laat kap;

"handelaar" die eienaar van 'n haarkapperbesigheid;

"Hoofgesondheidsinspekteur" die Raad se hoof van die Gesondheidsafdeling soos omskryf in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, of iemand wat behoorlik daartoe gemagtig is om namens hom op te tree;

"perseel" die perseel waarin of waarop hare gekap word;

"persoon in beheer" die persoon wat werklik die perseel of die haarkappers op die perseel bestuur of beheer;

"Raad" die Dorpsraad van Bedfordview asook die Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad se bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het.

- (a) such bird or rabbit was slaughtered contrary to the provisions of section 17 of the Act;
- (b) such poultry or rabbit meat has been imported contrary to the provisions of section 31 of the Act:

Provided that the provisions of this section shall not be interpreted as derogating from Government Notice R 1926, dated 25 October 1974, published under the Act.

(2) If required by the Chief Health Officer any person introducing into, or selling rabbit meat within the municipality, shall produce proof of the place where the rabbit from which such rabbit meat is derived was slaughtered.

Inspection.

13. The Chief Health Officer may, in order to satisfy himself that the provisions of these By-laws are being complied with —

- (a) at all reasonable times enter any premises on which the business of a butcher, or dealer in horse meat, or on which a business involving the handling or selling of hides, skins or horns is conducted or on which he reasonably suspects such business is being conducted;
- (b) inspect such premises or any vehicle used or reasonably suspected by him to be used, for such business and also anything thereon or therein;
- (c) examine and question any person on such premises or in such vehicle or who has recently been on such premises or in such vehicle;
- (d) make tests and take any samples which in this opinion are required in connection with the performance of his duties in terms of this section.

Obstruction.

14. No person shall fail or refuse to allow any official of the Council duly authorised by these by-laws to enter upon and inspect any premises or vehicle, if he requests access to such premises or vehicle, or obstruct or hinder or deceive such official in the execution of his duties enforcing these By-laws, or fail or refuse to give any information that he may lawfully be required to give to such official or give to such official false or misleading information knowing it to be false or misleading.

Interpretation.

15. The provisions of these by-laws shall, unless inconsistent therewith, be interpreted as being supplementary to and not derogating from the provisions of the Food-handling By-laws.

Offices and Penalties.

16.(1) Any person —

- (a) who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws; or
- (b) being the owner or person in control of, any premises, business of a butcher or dealer in horse meat or business involving the sale of hides, skins and horns or rabbit meat or of any vehicle used for such business, fails to ensure that all the provisions of these by-laws

- (a) sodanige voël of konyn strydig met die bepalings van artikel 17 van die Wet, geslag is;
- (b) sodanige pluimvee- of konynvleis strydig met die bepalings van artikel 31 van die Wet ingevoer is:

Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie vertolk moet word as dat dit afdoen aan Goewerments-kennisgewing R 1926 van 25 Oktober 1974, wat kragtens die Wet uitgevaardig is nie.

Hoofgesondheidsbeampte.

(2) Indien die Hoofgesondheidsbeampte die verlang, moet iemand wat konynvleis in die munisipaliteit inbring of daarin verkoop, bewys lewer van die plek waar die konyn waarvan sodanige konynvleis verkry is, geslag is.

Ondersoek.

13. Die Hoofgesondheidsbeampte mag, ten einde homself te oortuig dat daar aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is —

- (a) te eniger redelike tyd enige perseel binnegaan waarin 'n slagters- of perdevleishandelonderneming, of 'n onderneming waarby die hantering of die verkoop van huide, velle of horings betrokke is, bedryf word of waarin hy redelikerwys vermoed dat so 'n onderneming bedryf word;
- (b) sodanige perseel of enige voertuig wat vir sodanige besigheid gebruik word of wat hy redelikerwys vermoed daarvoor gebruik word, en ook enigiets daarop of daarin ondersoek;
- (c) enigeen in sodanige perseel of sodanige voertuig of wat onlangs in sodanige perseel of sodanige voertuig was, ondervra en uitvra;
- (d) toetse doen en enige monsters neem wat, na sy mening, in verband met die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie artikel nodig is.

Dwarsboming.

14. Niemand mag versuim of weier om toe te laat dat enige beampte van die Raad, wat by hierdie Verordeninge behoorlik daartoe gemagtig is, enige perseel of voertuig betree en inspekteer nie, indien hy versoek om tot sodanige perseel of voertuig toegelaat te word, of sodanige beampte in die uitvoering van sy pligte om hierdie verordeninge toe te pas, dwarsboom of hinder of bedrieg of versuim of weier om enige inligting te verstrek wat hy regtens aan sodanige beampte valse of misleidende inligting verstrek, wetende dat sodanige inligting vals of misleidend is nie.

Vertolking.

15. Die bepalings van hierdie verordeninge moet, tensy hulle strydig is met die bepalings van die Voedselhantierungsverordeninge as aanvullend tot en nie as afdoende aan die bepalings daarvan vertolk word nie.

Misdrywe en Strawwe.

16.(1) Enigeen —

- (a) wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (b) wat die eienaar of persoon in beheer is van enige perseel, slagtersonderneming of perdevleishandelonderneming of 'n onderneming waarby die verkoop van huide, velle en horings of konynvleis betrokke is of van enige voertuig wat vir sodanige besigheid gebruik word, en wat versuim om te sorg dat al die bepalings

for the purposes of business any hide, skin or horn unless the succeeding subsections of this section are complied with.

(2) An area complying with the provisions of section 6(14) suitable for the washing and disinfecting of vehicles owned or controlled by such person which are used for the transport of such hides, skins and horns shall be provided.

(3) The provisions of section 7(p) and (n) shall *mutatis mutandis* apply to the conveyance or transport of hides, skins and horns and to the washing or disinfecting of vehicles used for such purpose.

(4) A vehicle used for the conveyance of hides, skins and horns, shall not be used for the conveyance of anything other than hides, skins and horns.

Processing and Sale of Biltong and Dried or Desiccated Horsemeat.

11.(1) No person shall, except for his own consumption or for that of his household —

- (a) process, pack or wrap biltong otherwise than on premises licensed as a butcher or food manufacturer in terms of the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974);
- (b) process, pack, wrap, sell, convey or otherwise handle biltong on the same premises or in the same vehicle as dried or desiccated horsemeat or as horsemeat;
- (c)
 - (i) process, pack or wrap biltong on premises on which the business of a butcher is conducted otherwise than in a room, or on the conditions contemplated in section 6(8);
 - (ii) process, pack or wrap dried or dessicated horsemeat on premises on which the business of a dealer in horsemeat is conducted, otherwise than in a room, or on the conditions, contemplated in section 8(1)(c);
- (d) introduce biltong for sale within the municipality or sell biltong which has not been processed, packed or wrapped at premises referred to in paragraph (a);
- (e) introduce biltong for sale within the municipality or sell biltong or dried or dessicated horsemeat unless such biltong or horsemeat is completely packed or wrapped in a package or wrapping labelled or otherwise clearly marked with the name and address of the processor or packer or wrapper and the species of animal from which it was derived;
- (f) save at premises contemplated in paragraphs (a) and (c), remove any biltong from the wrapping or package contemplated in paragraph (e) unless for the purpose of slicing the biltong at the express request of a purchaser.

(2) The provisions of this section shall not apply to biltong which is processed or served for consumption on the premises of an hotel or restaurant.

Introduction and Sale of Rabbit Meat and Poultry.

12.(1) No person shall introduce into the municipality or sell within the municipality any poultry or rabbit meat derived from any bird or rabbit slaughtered outside the municipality if —

doeleindes in die munisipaliteit vervoer nie, tensy daar aan die onderstaande subartikels van hierdie artikel voldoen word.

(2) 'n Ruimte wat aan die bepalings van artikel 6(14) voldoen wat geskik is vir die was en ontsmetting van voertuie wat aan so iemand behoort of waaroor hy beheer het wat gebruik word om sodanige huide, velle en horings in te vervoer, moet voorsien word.

(3) Die bepalings van artikel 7(p) en (n) is *mutatis mutandis* van toepassing op die vervoer van huise, velle en horings en op die was en ontsmetting van voertuie wat vir dié doel gebruik word.

(4) 'n Voertuig wat gebruik word om huide, velle en horings mee te vervoer, mag nie gebruik word om enigiets anders as huide, velle en horings mee te vervoer nie.

Die Verwerking en Verkoop van Biltong en Gedroogde of Uitgedroogde Perdevleis.

11.(1) Niemand mag, behalwe vir sy eie gebruik of dié van sy huishouding —

- (a) biltong op 'n ander plek verwerk, verpak of omhul as in 'n perseel wat ingevolge die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), as 'n slagter of voedselvervaardiger gelisensieer is nie;
- (b) biltong in dieselfde perseel of in dieselfde voertuig verwerk, verpak, omhul, verkoop, vervoer of andersins hanteer as waarin gedroogde of uitgedroogde perdevleis of perdevleis aldus bewerk of vervoer word nie;
- (c)
 - (i) biltong op 'n ander plek in 'n perseel waarin 'n slagtersonderneming beskryf word, verwerk, verpak of omhul as in 'n vertrek, of op die voorwaardes, wat in artikel 6(8) beoog word nie;
 - (ii) gedroogde of uitgedroogde perdevleis op 'n ander plek in 'n perseel waarin 'n perdevleishandelonderneming bedryf word, verwerk, verpak of omhul as in 'n vertrek, of op die voorwaardes, wat in artikel 8(1)(c) beoog word nie;
- (d) biltong vir verkoop in die munisipaliteit inbring of biltong verkoop wat nie in persele waarna in paragraaf (a) verwys word, verwerk, verpak of omhul is nie;
- (e) biltong vir verkoop in die munisipaliteit inbring of biltong of gedroogde of uitgedroogde perdevleis verkoop nie, tensy sodanige biltong of perdevleis heeltemal in 'n pakkie of omhulsel verpak of omhul is wat geëtiketteer is of andersins duidelik gemerk is met die naam en adres van die verwerker of verpakker of omhuller en van die spesie van die dier waarvan dit verkry is;
- (f) enige biltong uit die omhulsel of pakkie wat in paragraaf (e) beoog word, haal behalwe in die persele wat in paragraaf (a) en (c) beoog word nie, tensy dit met dié doel gedoen word om die biltong op uitdruklike versoek van 'n koper te kerf.

(2) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing op biltong wat in die perseel van 'n hotel of restaurant verwerk of bedien word vir verbruik op die perseel van sodanige hotel of restaurant.

Die Inbring en Verkoop van Kony- en Pluimveevleis.

12.(1) Niemand mag enige pluimvee- of konynvleis wat van enige voël of konyn verkry is wat buite die munisipaliteit geslag is, in die munisipaliteit inbring of daarin verkoop nie indien —

thereof, which steps and ramp shall comply with the following requirements:

- (aa) the loading steps shall have a width of not less than 600 mm, a tread of not less than 300 mm and a riser of not more than 120 mm;
- (bb) the ramp shall have a non-slip surface, width of not less than 600 mm and slope of not more than 30°;
- (vii) provided with a mat or runner made of light coloured nylon or plastic or other material approved by reason of its possessing similar properties which shall effectively cover the floor surface of the load space;
- (c) the load space of any vehicle used for the conveyance of carcasses, sides or quarters other than frozen carcasses, sides or quarters, shall be fitted with beams and hooks of stainless steel or other approved non-corrosive material, for the purpose of carrying such carcasses, sides or quarters in a suspended position clear of the floor;
- (d) all chains and bars used for stabilising the load shall be of corrosion resistant metal and so installed that it can be easily cleaned;
- (e)
 - (i) adequate seating accommodation for persons travelling in such vehicle shall be provided;
 - (ii) such seating shall not be provided in the load space.
- (4) Any vehicle used for the conveyance of hides, skins or horns —
- (a) shall have a load space which shall be completely separated from the space for the driver and passengers and shall have —
 - (i) all its surfaces lined with corrosion resistant metal or other material approved by reason of its possessing similar qualities which shall be smooth and free from ridges and other obstructions round which dirt is liable to gather and shall not consist of a grill;
 - (ii) all joints on the inside or the outside of such space, effectively sealed;
 - (iii) a canopy made of nylon or plastic or other material, approved by reason of its possessing similar qualities and capable of being easily and effectively cleaned and completely covering the load: Provided that this subparagraph shall not apply to a vehicle the load space of which is completely enclosed;
 - (iv) be so constructed as to be capable of being easily and effectively cleaned;
- (b) shall bear in a conspicuous position on each side of its exterior in clear letters at least 100 mm high the name and address of the person or business undertaking by whom or which it is owned or controlled.

(5) Any vehicle used for the conveyance of unclean offal of an animal or horse shall comply with subsection (4).

Special Provisions for Hides, Skins and Horns.

10.(1) No person shall within the municipality convey

of afgelaai word, en hierdie trappies en loopplank moet aan die volgende vereistes voldoen:

- (aa) die laaitrappies moet minstens 600 mm breed wees, die loopstukke moet minstens 300 mm diep wees en die optree hoogstens 120 mm hoog;
- (bb) die loopplank moet 'n glyvaste oppervlak hê, 'n breedte van minstens 600 mm en 'n helling van hoogstens 30°;
- (vii) van 'n mat of loper voorsien wees wat gemaak is van 'n ligkleurige nylon- of plastiek materiaal of 'n ander materiaal wat goedgekeur is omdat dit soortgelyke eienskappe het, wat die vloeroppervlak van die vragruim doeltreffend moet bedek;
